| Begrip | Betekenis |
|---|---|
| consumerism | toeskouers wat verslaaf is aan beelde; Tvbeelde wat niks met realiteit te make het nie; die dekoratiewe en oppervlakkige produkte vir almal om te verbruik. |
| deduksie | 'n metode waardeur jy 'n aantal dinge (soos atome, byvoorbeeld) bestudeer en dan lei jy 'n algemene reël vir hierdie verskynsels af en gebruik dit om die toekomstige optrede daarvan te voorspel. In die reg beteken dit mens bestudeer 'n groot aantal hofsake (deur dit te lees) oor byvoorbeeld kontraktereg, dan maak jy 'n algemene reël oor kontrakte en gebruik dit om te voorspel hoe die howe in die toekoms sake sal beslis wat met kontrakte te make het. |
| dekonstruksie | die analise van konsepsuele teenstrydighede en paradokse. In dié sin is dit 'n metode vanideologiese kritiek. Ideologieë word dikwels dominant (hulle laat dus die indruk dat dinge is soos dit is omdat dit so moet wees) omdat sekere aspekte van die sosiale lewe bevoordeel word terwyl ander benadeel of onderdruk word. In die konteks van taalgebruik, bv, lei die gebruik van "hy", "hom" ensovoorts in regstaal tot die bevoordeling van 'n manlike wêreldbeeld |
| die algemene goeie | die voordeel van die gemeenskap as geheel |
| difference-feminisme | Dit was gebaseer op die klein studie van Carol Gilligan en het klem gelê op die kenmerke wat vroue na bewering het bloot omdat hulle vrou is. |
| diskoers | is nie dieselfde as praat nie. Dit verwys na alle soorte "geselse" of kommunikasie – gesproke, geskrewe, visueel, gehoor, ens. Gemeenskap gebruik twee soorte diskoerse: narratiewe diskoers en wetenskaplike diskoers. Narratiewe diskoers verwys na stories wat in 'n kultuur vertel word en wat aanvaar word bloot omdat hulle vertel word – hulle is self-legitimerend |
| distributiewe geregtigheid | beteken dat gelykes gelyk behandel moet word en ongelykes ongelyk. Dit is die soort geregtigheid wat gebruik word wanneer rykdom, eer en ander bates van die gemeenskap verdeel word |
| drie beginsels van geregtigheid | grootste gelyke vryheid, onderskeidingsbeginsel, gelyke geleentheid |
| eksistensialiste. | het die toestand van die laat-moderne mens gesien as een van geestelike leegheid en *ontologiese* onsekerheid. Die moderne mens lewe in 'n leegheid waar absolute waardes en universele waarhedenie bestaan nie en waar hy 'n sin vir kosmiese absurditeit en die swakheid van menslike rede moet verwerk. Die mens het geen bepalende essensie nie, slegs 'n bestaan (eksistensie) sonder 'n absolute (God-gegewe) waarborg vir 'n betekenisvolle lewe of geskiedenis |
| epistemologie | verwys na teorieë oor kennis. |
| essensialisme | is die siening dat dinge of idees 'n innerlike, onveranderlike kernbetekenis het. Byvoorbeeld, "geregtigheid" beteken presies dieselfde in Afrika vandag as wat dit in Griekeland beteken het tweeduisend jaar gelede |
| essensialisme | die siening dat objekte of idees 'n innerlike, onveranderlike kernbetekenis het". In die konteks van feminisme beteken essensialisme dat mense dink dat alle mans en alle vroue kenmerke het wat ingebore, onveranderlik en universeel is - hulle deel die idee dat mans en vroue essensiële kenmerke het wat nooit kan of sal verander nie. |
| etno filosofie | beskryf gemeenskaplike denke en kollektiewe idees wat mondeling oorgedra word. Dit is nie 'n versameling van idees van individue nie. Dit steun op metafisiese aannames en tradisionele Afrika wysheid en is geneig om filosofie en geloof te kombineer terwyl rede en kritiese denke minder beklemtoon word. |
| ewige reg | Die ewige reg word op twee maniere openbaar: deur goddelike openbaring (die *lex divina* ) en deur die natuurreg (die *lex naturalis* ). Die natuurreg word geken deur die rasionele menslike aard en dit word die algemene norm vir optrede. Enige menslike wet wat in stryd is met die natuurreg is 'n korrupsie van die reg. |
| fundamentele kontradiksie | diekonflik tussen die individu en die gemeenskap - die reg kan dit verdoesel maar nooit oorkomof uitskakdel nie want daar sal teenstrydig reels of beginsels wees en daar kan selfs aanleiding gee tot die konflik. |
| geslagtelikheid | verwys na die kulturele rolle wat aan mans envroue toegeken word. Daarom bepaal jou kultuur en opvoeding wat jy sien as die regte optrede vir mans en vroue. (Dis waarom die Grondwet diskriminasie op grond van beide geslag en geslagtelikheid verbied |
| goddelike reg | God regeer oor sy werklikheid en verseker die harmonie van sy skepping deur middel van die ewige reg. |
| hiper-realiteit | dis nie onwerklik nie, maar het die werklikheid vervang. In 'n sekere sin het dit meer werklik geword as die werklikheid. |
| homogene gemeenskap | is waar almal presies dieselfde lyk, dink, optree en glo en die manier hoe hulle lyk en optree en glo dis absoluut natuurlik en normaal. |
| humanisme/humanistiese houding | die gees van kalm, kritiese en onafhanklike oordeel wat gebaseer is op intellektuele vryheid en selfvertroue. |
| idealisme | is 'n soort metafisika waar die werklikheid bestaan uit idees en fisiese objekte is slegs voorbeelde van die absolute ideaal. |
| individualisme | verwys na 'n siening van die gemeenskap waar die regte van die individu beklemtoon word eerder as die algemene goeie of kommunitarisme. |
| industriele revolusie | Produksie het nie meer in die huis of in klein industrieë plaasgevind nie, maar in enorme fabrieke wat op goedkoop arbeid staatgemaak het vir massaproduksie. |
| kollektiewe waardes | in plaas van een persoon wat vir homself besluit wat reg en verkeerd is, doen hy dit saam met ander individue in 'n kollektiewe proses. |

| | |
|---|---|
| kommunitarisme | die nadruk is op die groep en op solidariteit met ander lede van die gemeenskap, eerder as op die individu se outonomie - individu kan net gedy deur lidmaatskap van ‘n groep. Identiteit word bepaal deur verhoudings met ander lede van die groep, en kulturele lidmaatskap gee waarde aan die individu se lewe. Die mens se menslikheid kan slegs verwesenlik word binne ‘n sosiale verband. Die mens is gevolglik die produk van sy samelewing. |
| kontingensie | (verandering) eerder as breë kategorieë en beginsels. |
| korrektiewe geregtigheid | is die soort geregtigheid wat howe gebruik om 'n wanbalans te herstel. Dit word, bv gebruik waar skade voorgekom het as gevolg van 'n delik of kontrakbreuk |
| metafisies/metafisika | Die woord kom uit Griek en beteken letterlik "agter of verby die fisiese" - glo in goed wat jy nie kan sien nie/ werklikheid agter die fisiese |
| meta-narratiewe | *verwys na die idee dat jy die wêreld (of die reg) kan verduidelik met een enkele, betekenisvolle "storie" of teorie wat samehangend, bepaald en objektief is. 'n Voorbeeld sou Rawls se teorie van geregtigheid wees* |
| natuurlike orde | hierargiese struktuur wat die sosiale lewe en die reg bepaal – dus is sosiale reëlings deel van die natuur en kan nie gekritiseer kan word nie. Net so min as wat mens die wet van swaartekrag kan kritiseer, kan mens die natuurlike reëlings in die gemeenskap kritiseer. |
| natuurreg | die idee dat daar 'n werklike, voor-politieke stel reëls is wat die maatstaf is waarteen menslike wette gemeet kan word. |
| nihilisme | dit is 'n houding van "anything goes", en veral regspraktisyns het nie meer 'n gewete nie. Al waarin hulle belangstel is om geld te maak |
| onbepaaldheid | meer as net dat regsbegrippe onbepaald is - dit is inherent in die samelewing as geheel - te vind in die mens se bestaan |
| ontologie | verwys dus na teorieë oor die werklikheid |
| oorspronklike posisie | moet hulle saamstem oor die basiesebeginsels van geregtigheid. Maar as elke persoon slegs in sy of haar eie belang geïnteresseerd is,sal dié met die meeste mag wen en dis onbillik. |
| outoritarisme | *Outoritarisme* is die siening dat diegene met mag altyd reg is en nie bevraagteken moet word nie |
| pluralistiese gemeenskap | is die teenoorgestelde van homogene - een waar mense verkillend van mekaar lyk, dink, optree en glo. |
| pragmatisme | glo dat alle kennis op ervaring gebaseer is en 'n wetenskap is wat op ervaring, feite en induksie gebaseer is - die reg is 'n instrument wat gebruik word om 'n sekere sosiale gevolg te bewerkstellig. |
| protestantse reformasie | die kerk het sy houvas op mense en op die openbare lewe verloor. Die gemeenskap was nie meer homogeen nie |
| Rasionalisme | *Rasionalisme* beteken hier die siening dat mens 'n omvattende beeld van die mens, samelewing en die reg kan verkry deur die menslike rede. Maar Rasionalisme werk prakties op een van twee maniere. Aan die een kant begin *rasionaliste* met 'n voorafgaande insig wat dan rasioneel uitgewerk word deur logiese konstruksies en idees. Hulle begin dus met 'n idee of hipotese en werk dan rasioneel uit of en hoe dit sou kon werk. Aan die ander kant verwerp *empiriste* die rasionalistiese argumente. Vir hulle kan kennis net op feite gebaseer word – dit wat ons weet deur waarneming en ervaring. Beide soorte denkers kom voor in die vroeg-moderne periode, maar gesamentlik staan hulle bekend as rasionaliste. |
| realisme | s die siening dat dinge onafhanklik van die denke van die persoon wat dit bestudeer bestaan - wat ons sien en hoor en voel bestaan objektief en werklik |
| reg as politiek | Politiek in hierdie sin beteken die najaag van geregtigheid, of die verspreiding van bronne in die samelewing of die keuse tussen verskillende belange in die gemeenskap - die reg is basies n politieke onderneming. |
| regsmodernisme | die siening dat 'n enkele skrywer die "regte antwoorde" op regsvrae kan vind as hy maar net die korrekte metode gebruik – 'n metode wat gebaseer is op deduksie, analogie, presedent, interpretasie,sosiale beleid etc. Dit is n soeke na universele waarheid gebaseer op geloof in diemag van die wetenskap en die aanname dat taal objektief die betekenis van gebeure in die reg kan weergee. |
| regspositivisme | is 'n teorie oor *regspleging* - Regspositivisme is moeiliker om te verduidelik, omdat dit drie temas insluit In ieder geval is regspositivisme op utilitarisme gebou. Dit gebruik dus ook 'n empiristiese benadering, maar in die veld van *regspleging (* die studie van die manier waarop regters sake beslis, ∴ wat werklik in hofsake gebeur) eerder as wetgewing |
| Relasionele feministe | meen dat vrouens andersbis as mans weens hulle sielkundige samestelling. |
| relativisme | is die siening dat kennis nie universeel en absoluut is nie, maar altyd spesifiek envoorwaardelik. Met ander woorde, "die waarheid" is afhanklik van jou eie perspektief. |
| Sameness-feminisme | wat ook soms bekend staan as liberale feminisme - gaan van die standpunt uit dat, alhoewel mans en vroue verskillend lyk, hulle *essensieel* dieselfde is. Mans en vroue verskil dus wel fisies, maar in hulle denke, optrede en motivering is hulle dieselfde. |
| sluier van onkunde | bedek al die mense - beteken niemand weet wat sy of haar posisie in die samelewing is nie. Niemand weet of, wanneer die sluier gelig word, hulle ryk of arm, manlik of vroulik, ongeskik of nie, ensovoorts sal wees nie. |

| | |
|---|---|
| trashing | om spesifieke dele van die reg soos kontrak of sakereg te analiseer en om die arbitrere aard van regverdiging wat die regsvelde veronderstel was om te verskaf openbaar te maak. Kontradiksies in die regsleerstukke is aan die lig gebring - trashing |
| ubuntu | Dit beteken onder meer menslikheid, moraliteit, empatie, versorging, warmte en meelewing - gaanoor versoening en harmonie en stel die samelewing teenoor individuele belange. |
| utilitarisme | is 'n teorie oor *wetgewing* - Utilitariste het gemeen dat plesier en pyn empiries gemeet kon word en gebruik kon word as die basis vir wetgewing. Dis die reg se taak om plesier te vermeerder en pyn te verminder. ("Pyn" en "plesier" is nie beperk tot fisiese pyn of plesier nie, maar kan emosionele, psigiese, selfs ekonomiese pyn en plesier insluit.) Met ander woorde, die utilitariste was empiriste. |
| valse bewussyn | die idee dat daar 'n valse bewussyn aan die werk is in die reg en in die gemeenskap -dat politieke en regsideologieë 'n sekere manier van dink oor die lewe en die gemeenskap skep. Dit lei tot die algemene idee dat dinge is soos dit is omdat dit so móét wees - 'n illusie wat vernietig moet word sodat individue alternatiewe regs- en sosiale ordeninge kan oorweeg. |
| verligting van die 18e eeu | Verligting was die onafwendbare resultaat van alles wat gebeur het. Dit verwys na 'n gedeelde gevoel of temperament wat gebasee op drie kenmerke |
| wetenskaplike metode | mens nie kan aanneem dat daar 'n metafisiese wêreld "daar buite" is nie. Die wetenskaplike metode verg empiriese bewyse en logiese deduksie. |
| wetenskaplike revolusie | die idee dat onbeperkte ontdekkings gemaak kan word op elke terrein van die wetenskap, wat weer sal lei tot onbeperkte verbeterings in die mens se lewe. Die houding was een van eksperimentering en ontdekking gebaseer op induktiewe argumentasie. |
| wetenskaplike wereldbeeld | Hierdie denkers beskou alles as bevraagtekenbaar op wetenskaplike gronde selfs dinge wat vir 'n lang tyd beskou is as natuurlik en selfs goddelik. |